

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-3:1,2 (8:1, 2)**

-1-

*Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek - die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede. U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is*

-2-

*U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eindlose ewighede.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 145:1, 3, 4

-1-

*U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd; u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.*

-3-

*Omdat, o God, in die geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is, daarom prys ons u werk, u daad van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.*

-4-

*Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlijkheid, gedugte krag wat ons van angsk laat vrees, / u grootheid, HEER - dit sal my lofsang wees.*

Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Psalm 128:1, 4

-1-

*Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan, waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan - die arbeid van sy hande / sal hy met vreugde geniet wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.*

-4-

*Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou; mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou! mag jy nog, op jou bed, / 'n nakroossee verkry! En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!*

Gebed

*Verberg U nie vir ons nie, o Here. Luister na ons gebed as ons by U pleit, en verhoor ons smeking. Ondersteun ons en maak ons gees gewillig om U te wil dien. Ons pleit dat U ons die vreugde van U heil gee. Maak ons blymoedig in ons lewens, sodat U van ons vreugde en blydschap kan hoor as ons getuig, sing en dank.*

*Ons dank U vir U genadige bemoeienis met ons dat U Gees ons weer hier voor U byeengebring het. Uit onself is ons te swak om U na te volg, Here, daarom ons dank dat U ons U kinders maak. Dat Uself ons leer om U te dien.*

*Wees U ons Leidsman in die nuwe week wat ons nou ingaan. Gee dat ons nie net oorwin-nend teen die kwaad sal stry nie, maar neem U elke moontlike versoeking voor ons weg.*

*Maak ons lewens 'n prediking aan die wêreld dat ons leef soos ewigheidskinders, wat elke oomblik die liefde van God hulle Vader ervaar, wat reeds die vreugde van die ewige lewe smaak en die heerlijkheid van God in hulle binneste voel.*

*Gebruik ons om die wêreld vir U te bekeer, en dié wat nie wil nie – laat ons getuienis vir hulle tot oordeel wees omdat dit hulle sonder verskoning voor U sal stel.*

*Skenk aan ons verdraagsaamheid teenoor mekaar, sodat ons mekaar nie beswadder of onteer nie, maar dat ons geduld sal hê met mekaar se foute – en in liefde daaroorheen kan lewe.*

*Here ons doen voorbidding vir die kerk – U Heilige algemene Christelike kerk wat U versamel uit alle volke nasies en tale. Sal U beskik dat die verskillende owerhede wat in hierdie sondige wêreld oor ons gestel is, aan ons die ruimte gee dat ons U in waarheid en sonder vervolging mag aanbid. Ons pleit op U beloftes van beskerming en seën, o Here.*

*Verlig nou ons verstand en ons gees met U Gees as U Woord bedien word. Wees ons elkeen naby, en vergewe ons al ons menigvuldige oortredinge teen U.*

*Ons vra dit in die genade wat ons ontvang in die Here Jesus Christus.*

**Amen.**

## Psalm 103:1

-1-

*Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.*

Skriflesing: Sagaria 3 en Openbaring 7:13-17

Teks: Sagaria 3:4

**Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. (Sagaria 3:4 AFR53)**

*Ons verskyn vuil en besmeer van sonde voor die HERE, maar Hy spreek ons in sy genade oënskynlik onvoorwaardelik vry.*

*Die kerngedagte van hierdie preek is die spanning wat daar is tussen ons verdoemende sondeskuld, waarmee ons voor God verskyn, en God se ongemotiveerde vergewing van ons sondes.*

Ons woon saam met Sagaria 'n hofspraak by. Ja, hoe ongelooflik dit ook al mag klink, in 'n visioen speel hier 'n hofsitting af in die hemel, voor die regterstoel van die Here.

- ◆ Josua, die hoëpriester, is die aangeklaagde.
- ◆ Hy staan voor die Engel van die HERE. Die Engel van die HERE is die Regter.
- ◆ Die satan staan aan Josua se regterhand en kla hom aan voor God. Hy is die aanklaer.

Laat ons die partye in hierdie hofspraak van nader bekyk. Watter partye het ons almal in hierdie hofspraak? Sagaria begin met Josua, die hoëpriester.

- ◆ Hy is die beskuldigde.
  - Josua kom uit die geslag van Aäron. Dit is die hoëpriesterlike geslag.
  - Josua is hier nie net 'n persoon in Sagaria se naggestig nie.
  - Hy was werklik die hoëpriester van Israel na hulle terugkeer uit die ballingskap.
    - Hy was Josua, die seun van Josadak.

- Wanneer Josua voor die regterstoel van God verskyn, staan hy daar as 'n **ampsdraer** – hy staan daar as 'n hoëpriester.

Dit beteken dat hy nie net namens homself verskyn nie.

- ◆ Hy staan voor God as 'n ambassadeur van sy volk Israel en al die priesters in diens van die HERE.
- ◆ *Hy staan daar as 'n verteenwoordiger van die kerk van die Here.*

Maar Josua het vuil klere aan. Dit beeld die sondes uit wat hom aankleef.

- ◆ Hy is dus skuldig – heeltemal skuldig.
  - Selfs sy klere getuig teen hom!
  - Israel het hoegenaamd geen saak voor God nie!

Die tweede persoon in hierdie hofsaak is die satan.

- ◆ Hy is die aanklaer.
- ◆ Hy kla die volk Israel aan by God – omdat hy dink dat hy die reg het om die mensdom by God aan te kla.
  - Die naam *satan* beteken dan ook *teenstander*.
  - Op aarde is die satan meestal versigtig. Hier verskyn hy altyd indirek. So skuil hy byvoorbeeld in die slang as hy Eva besoek.

Maar wanneer Satan in die hemel kom, voor God, staan hy daar in sy ware gestalte. God ken hom as die teenstander van die Lig.

Die duiwel is egter listig.

- ◆ Wanneer hy hier voor die Engel van die HERE staan om Israel aan te kla, probeer hy om Hom 'n rat voor die oë te draai.
- ◆ Hy maak nogal asof hy God se saak kom verdedig.
- ◆ Hy beskuldig Israel van ontrou voor God.

Dit is so. Die hele volk was ontrou aan God.

Die agtergrond van hierdie klag van Satan is die hele saak rondom die Babiloniese ballingskap.

- ◆ Dit is 'n saak wat al negentig jaar oud is.
- ◆ Negentig jaar gelede het die hele volk, met hulle volksleiers en priesterdom, hulle van God afgekeer.

Daar is teen hierdie afkeer gepreek deur die profete, maar die volk wou hulle nie bekeer nie.

- ◆ God het hulle gestraf, en die hele volk is weggevoer na Babel.
  - Daar was hulle sewentig jaar lank in ballingskap.
  - Hulle is nou al twintig jaar terug in Palestina.
- ◆ Nog steeds het hulle nie die tempel van God voltooi nie.

In Babel het dit ook maar swak gegaan met Israel.

- ◆ Daar was een deel van die volk wat heeltemal opgeneem is in die Babiloniese volk.
- ◆ Daardie groep het in die heidense afgodekultusse verval, en ook die kultuur van Babel aangeneem.

*Daar was egter nog 'n klein groepie wat God aanbid het. Net hulle het teruggekeer na Palestina.*

- ◆ Dit is namens hierdie volk, wat teen God oortree het, wat in ballingskap moes gaan, dat Josua voor God staan.
- ◆ Dit is hierdie ontrou waarvan Satan hulle by God aankla.
  - Hy doen dit op so 'n wyse asof hy God wil oortuig dat sy volk te onwaardig is om langer onder hulle te bly woon.

Dit bring ons by die Regter in hierdie hofspraak. Hy is die Engel van die HERE

- ◆ Dit is moeilik om net vanuit die Ou Testament te sê wie die Engel van die HERE is, want die skaduagtige in die Ou-Testamentiese bedeling laat ons nie toe om Hom ten volle te ken nie.
- ◆ Maar saam met die Nuwe Testament weet ons genoeg van Hom om te begryp wat sy betekenis hier is.
  - Die Engel van die HERE is die Hoof van al die engele voor Gods troon. Jesus Christus is dit ook!
  - Die Engel van die HERE is een van die Troongeeste – maar Hy is die ongeskape Engel.
    - ◆ Hierdie Engel word met God self vereenselwig, want net God is ongeskape!
  - So lees ons in ons teks dat Satan sy klag voor die Engel van die HERE lê, maar dat dit die HERE, die Verbondsgod, is wat antwoord. Dit is God wat genade en verlossing bemiddel!
  - Die Engel van die HERE is ook altyd 'n Middelaar – *Jesus Christus is ook die Middelaar!*

Die Engel van die HERE is dus presies dieselfde as die Seun van God.

- ◆ Ons kan dit eenvoudig stel en sê dat die Engel van die HERE die Ou-Testamentiese Gestalte van Jesus Christus is.
- ◆ Hoe dit ook al sy, een ding is seker: In die Engel van die HERE het ons te doen met die Middelaarsgestalte – so openbaar God Hom immers aan ons in die voorgelese deel.
- ◆ Die Engel van die HERE tree op as Middelaar, maar Hy bly onafskeidbaar een met God.

Daar is nog geeste in hierdie hofsitting. Die hemelgeeste – die engele – is ook daar.

- ◆ Die Engel van die HERE is immers hulle Aanvoerder en daarom is hulle by Hom om sy bevele uit te voer.
- ◆ Ons lees van hulle dat hulle Josua met feesklere bekleed het op bevel van die Engel van die HERE.

Die verloop van die Hofsaak hinder, want daar is iets in hierdie hofspraak wat nie klop nie.

*Daar is 'n spanning tussen die aanklag en die vrypraak.*

- ◆ Wat met spanning bedoel word, is dit: Satan het 'n ernstige verwyte en hy gryp dit nie uit die lug uit nie.
- ◆ Hy kan sy saak goed motiveer met die gebeure rondom die ballingskap – soos ons gesien het.
- ◆ Wat sy saak nog sterker maak, is die feit dat Josua reeds skuldig is as hy in die hof verskyn. Hy staan daar met vuil klere aan. Hy is heeltemal besmet.

Josua – aan die ander kant – se saak is uiters swak.

- ◆ Hy probeer nie eers een keer om homself te verdedig nie.

- ♦ Die logiese aanvoeling wat mens het as mens die Bybel gelees het tot op hierdie punt, is dat die satan tog sekerlik nou sy saak gaan wen, want daar is mos niks teen hom te sê nie.

Dan kom die onverwagte, die verrassende.

- ♦ Satan word gestraf en Josua word vrygespreek.
- ♦ Satan word twee maal bestraf in dieselfde sin:
  - **Mag die HERE jou bestraf, o Satan. Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf.** (Sagaria 3:2)
- ♦ Josua – die skuldige – word vrygespreek.
- ♦ As dit nog maar al was, maar dit lyk asof hy vergoeding kry saam met die kwytskelding van sy sondes.

Josua kry 'n stel feesklere en 'n tulband om om sy kop te draai.

- ♦ Hy ontvang dit sonder enige motivering.
- ♦ Hy het geen verdienste van sy kant waarop hy hom beroep nie.
- ♦ Hy stap rein anderkant uit, asof hy nooit gesondig het nie.
- ♦ Die smet van sy vuil klere word deur die genade van God van hom af weggeneem, en hy word soos 'n sondelose bekleed.

*Wanneer Satan Israel aankla, is daar een saak waarmee God alleen rekening gehou het, en dit is op grond hiervan dat Hy Josua kan vryspreek. Dit is dan ook hierdie faktor wat die spanning veroorsaak wanneer Josua vrygespreek word.*

- ♦ Dit is God se genade – die satan het nie met die genade van God rekening gehou nie.
- ♦ Hy hoor hoe God antwoord:
- ♦ **Ja, mag die HERE wat Jerusalem verkies het, jou bestraf.** (Sagaria 3:2)

*. . . wat Jerusalem verkies het.* In hierdie enkele sin lê genade wat so groot is dat dit alleen goddelike genade kan wees, so verbysterend is dit.

- ♦ In hierdie sin sê God dat Hy Israel as sy volk wil hê.
- ♦ Dit maak nie saak of die volk van sy kant af die verhouding tot God verbreek het nie.
- ♦ Die feit is dat God van sy kant af die verhouding bly handhaaf. Daarom bly Israel sy volk!
- ♦ Die HERE sê self hoe groot sy genade is. Hy vra:
  - **Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?** (Sagaria 3:2)

Hiermee sluit God Hom aan by Satan se beskuldiging. Dit gaan nou weer oor die ballingskap.

- ♦ In Babel was Israel aan algehele uitwissing blootgestel. Hulle was besig om weg te smelt tussen die Babiloniërs.
- ♦ Maar dit het God behaag om 'n klein groepie van die volk suiwer te hou en hulle op sy tyd terug te bring na hulle land toe.
- ♦ Hy het sy volk soos 'n stuk hout uit die vuur getrek, voordat dit in vlamme opgegaan het.
- ♦ God het dit gedoen omdat Hy Jerusalem uitverkies het.

Hierdie woorde van die HERE raak u en my regstreeks.

- ♦ Ons is nie bloot toeskouers in hierdie hofsak nie.
- ♦ Ons sit nie net vir die interessantheid van hierdie hofsak in die banke en luister om die uitspraak van die Regter te hoor nie.

Nee, broeders en susters, dit is ons saak wat verhoor word. Josua staan daar vir elke gelowige, vir elke lid van God se kerk op aarde.

God het Jerusalem uitverkies. Hierdie sin het 'n tweeledige betekenis soos dit hier staan:

- ◆ In die Ou-Testamentiese bedeling is Jerusalem en Israel onafskeidbaar. Die stad is verteenwoordigend van die volk.
  - Dit is die een naam om God se verbondsvolk op aarde te noem.
  - Jerusalem was vir die Jode die plek van God se troon op aarde (Jeremia 17:12). Daarom het hulle dit dan ook die stad van die Groot Koning genoem.
  - Jesaja noem Jerusalem die plek waar God regeer.
  - Die naam Jerusalem sê dus dat dit dié plek is waar God onder sy verbondsvolk woon.

Dit bring ons by die dieper betekenis van die stadsnaam.

- ◆ Die verbondsvolk onder wie God woon in die Ou-Testamentiese bedeling, word in die Nuwe-Testamentiese bedeling die skare wat Christus aanbid.
- ◆ Dit word die kerk van God op aarde met Christus as sy Hoof.
- ◆ Die kerk van God op aarde word na die wederkoms van Christus die bevolking van die stad – rondom Gods troon – die Nuwe Jerusalem.

Nou begryp u dat ons nie toeskouers is in hierdie naggestig nie, want dit is ons saak wat voor God gelê word.

- ◆ As ons as kerk van God voor Hom moet verskyn, het ons net so min van 'n saak as wat Israel 'n saak gehad het.
- ◆ Dis byna onnodig om te sê, maar die kerk is nie so sonder sonde as wat dit graag sou wou wees nie.
- ◆ Ons het werklik 'n swak saak as ons voor die Regter moet verskyn.

Josua is 'n styltipe van Christus, in die sin dat hy as hoëpriester vir sy volk versoening moes doen.

- ◆ In daardie sin was Josua sy naam getrou, want sy naam beteken in Grieks *Jesus*.

Tog is daar ook 'n groot verskil. Ons Hoëpriester het meer deurgemaak as Josua.

- ◆ In Jesus Christus die Here se veroordeling verskyn Hy in vuil klere voor God – óns vuil klere. Hy moes vir ons sondes die toorn van God dra.
- ◆ God spreek Josua vry. Dadelik breek die spanning vir hom af.
  - *Maar Christus se ellende begin eers op dié punt waar Josua s'n ontknoop word.*

Kyk weer na alles wat gebeur het, dan sal u verstaan waarom dit so is:

- ◆ Toe die tyd aangebreek het dat Christus ons straf moes volbring, het Hy God in Getsemané gesmeek dat dié beker by Hom moes verbygaan.
- ◆ Maar vir Hom was daar nie vryspraak soos vir Josua nie, en Hy moes die hel ingaan sodat Hy dit kon oorwin.
- ◆ Ons sondes is so groot dat God se toorn daarteen ontvlam. Om dit te straf het Hy Christus die smadelike kruisdood laat sterf.

Die Here Jesus Christus was sonder sonde, maar ons kan nie een daarop aanspraak maak nie.

- ◆ Selfs in ons beste werke oortree ons die gebooië van God só erg dat ons tot die dood toe skuldig staan voor Hom.
- ◆ Ons Nagmaalsformulier gee 'n redelike lang lys van ons daaglikse sondes wat ons teen God doen.
  - Die vernaamste sonde is dat ons – onwillekeurig – God haat met ons twyfel, ongeloof en kleingeloof.
  - Daarna skets dit ons misdrywe teenoor ons naaste en onself. Dit is al ons sondes wat wissel van egbreuk en dronkenskap tot humeurigheid en gierigheid.

Vir al hierdie sondes van ons staan Christus voor God.

- ◆ Hy het ons vervloeking op Hom gelaai.
- ◆ Hy moes letterlik met sy bloed en sy lewe vir ons sondes betaal.
- ◆ Dit is die enigste wyse hoe ons voor God kan kom – as ons klere wit gewas is in die bloed van die Lam, soos ons dit lees in Openbaring 7:14.

**En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. (Openbaring 7:14 AFR53)**

Christus word só die motivering vir ons redding. Sy offer word die grond van ons vryspraak.

Die Here Jesus Christus is vir die gelowige alles.

- ◆ Deur Hom word ons die volk wat in Jerusalem woon.
- ◆ Op dié wat in Jerusalem is, kan Satan sy hande nie lê nie, omdat God hulle uitverkies het.

Maar die Here Jesus Christus is dit beslis nie vir almal nie. Hy vereis dat mense in Hom moet glo.

- ◆ Ons moet beseft dat die genade van God oor Jerusalem net beperk was tot die kern van die volk wat Hy uit Babel laat terugkeer het.
- ◆ Hy het net één stomp uit die vuur getrek – die res is deur die vlamme van sy toorn verteer.

Ons is anders as die mense wat in die vlamme van die sonde opgaan. Die Here Jesus praat self van sy volk as “dié wat in My glo”.

- ◆ Die Here Jesus Christus is ons redding, en juis dit gee ons nie vrye teuels tot doelbewuste ongehoorsaamheid nie!
- ◆ Die apostel Paulus sê dat die Gees saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is.
  - Die Heilige Gees rig ons lewe deur ons by onself aan te kla.
  - Die Heilige Gees kla ons van ons sondes aan, juis omdat ons kinders van God is.
  - Die Heilige Gees ontdek ons aan ons sondes. Daarom is dit 'n genadedaad van God as die Heilige Gees 'n appèl tot ons rig om te volhard met 'n mooi en goeie lewe soos wat die Here vereis.

Die spanning voor God, tussen sondelas en vergewing, word deur die Here Jesus Christus opgehef vir die wat in Hom glo, maar dan net in die sin dat Hy die “waarom” oplos.

- ♦ Hy los dit in so verre op dat Hy die straf wat ons toekom op Hom neem. God het laat reg geskied want daar is gestraf vir die vuil klere.
- ♦ Daar bly egter 'n vereiste. Dit is die geloof in die Here Jesus Christus. Hy het net betaal vir dié wat in Hom glo. Die genade van God kom alleen toe aan die volk van Jerusalem. Want God het Jerusalem uitverkies.
- ♦ Laat ons dan leef om te glo en God te dien en aanbid.

**Amen.**

Slotgebed

Ons dank U vir die voorreg om U uitverkore kinders te mag wees. Laat U Gees ons lei op U pad. Maak ons U weë bekend. Wees ons naby, o Here, en laat U Woord die Lamp op ons lewenspad wees. Vergeef ons ons skulde – omdat Christus ons skuld betaal het.

**Amen.**

Slotpsalm 146:1, 8

-1-

*Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.*

8-

*Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,  
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.  
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!*

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 5 Februarie 2006  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 9 September 2012